

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2015

REKENINGKUNDE

PUNTE: 300

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES verpligte vrae.
2. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien word.
3. Waar van toepassing, moet bewerkings getoon word om deelpunte te verdien.
4. 'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of swart/blou ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. 'n Uiteensetting van die vrae word hieronder voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou en om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	INHOUD	PUNTE	TYD (minute)
1	Begroting	<ul style="list-style-type: none"> • Bestuursrekeningkunde Geprojekteerde inkomstestaat en Kontantbegroting • Bestuur van hulpbronne Interne kontrole oor begroting 	55	33
2	Rekonsiliasie en interne kontrole	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële Rekeningkunde Debiteure en Bankreksiliasie • Bestuur van hulpbronne Interne kontrole 	45	27
3	Vennootskappe – Finansiële state	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële Rekeningkunde Vennootskappe – finansiële state • Bestuur van hulpbronne Vaste bates 	75	45
4	Vennootskappe – Interpretasie	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële Rekeningkunde Ontleding en interpretasie van finansiële state. 	35	21
5	Kosteberekeninge – Vervaardiging	<ul style="list-style-type: none"> • Bestuursrekeningkunde Kosteberekeninge en gelykbreek-ontleding 	50	30
6	Klubs en Voorraadstelsels	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële Rekeningkunde Ledegeld en Verversings • Bestuur van hulpbronne. Voorraadhoudingstelsels 	40	24
			300	180

VRAAG 1: BEGROTING**(55 punte; 33 minute)****1.1 KONTANTBEGROTING EN GEPROJekteERDE INKOMSTESTAAT**

Die volgende transaksies is geneem uit die boeke van AV Winkels vir die tydperk wat eindig op 30 Junie 2015.

Voltooi die tabel in die ANTWOORDEBOEK deur die bedrae in slegs die relevante kolom(me) in te vul.

(10)

Voorbeeld: Die telefoonrekening vir Junie 2015, R2 130 word per tjek betaal.

No.	Bedrag in die kontantbegroting vir Junie 2015		Bedrag in die geprojekteerde inkomstestaat vir Junie 2015	
	ONTVANGSTE	BETALING	INKOMSTE	UITGAWE
Voorbeeld		R2 130		R2 130

Transaksies:

- 1.1.1 Die verwagte kontantverkope vir Junie 2015 word bereken as R35 200. Die winsopslag is 60% op kosprys.
- 1.1.2 Die totale waardevermindering op vaste bates vir die finansiële jaar geëindig 30 June 2015, beloop R17 040.
- 1.1.3 Verwagte kontant ontvangstes van debiteure vir Junie 2015 is R62 200. Kortings van R2 150 sal toegestaan word vir vroeë betalings ontvang.
- 1.1.4 'n Paaierement van R8 460 op die lening moet op 25 Junie 2015 betaal word. R460 van hierdie bedrag is die rente op die lening.

1.2 KONTANTBEGROTING

Sonny Mkize is die eienaar van RCN Vervoer, 'n klein onderneming wat afleweringdienste lewer. Hul finansiële jaar eindig elke jaar op 30 September.

OPDRAG

- 1.2.1 Voltooi die debiteure-invorderingskedule vir Oktober 2015 en November 2015. (10)
- 1.2.2 Op 31 Oktober 2015 is die volgende inligting verkry uit die rekords van die besigheid. Verduidelik wat jy aan Sonny sal noem in verband met elk van die gelyste items. Gee EEN punt van advies vir elke geval.. (6)

	OKTOBER 2015	
	BEGROOT (R)	WERKLIK (R)
Onderhoud van voertuie	24 500	21 380
Invorderings vanaf debiteure	147 171	115 620
Telefoon	2 300	4 860

1.2.3 Voltooi die kontantbegroting vir Oktober en November 2015. (29)

INLIGTING:

A. Gedeeltelik voltooide kontantbegroting vir Oktober en November 2015.

	Oktober 2015	November 2015
KONTANTONTVANGSTES		
Invorderings vanaf debiteure		
Fooi-inkomste vir dienste gelewer	62 000	
Huurinkomste	8 200	
Kommissie-inkomste	4 650	
Vaste deposito		10 000
Rente op vaste deposito	375	
TOTALE ONTVANGSTES		
KONTANTBETALINGS		
Brandstof en olie	32 600	
Onderhoud van voertuie	24 500	
Salarisse		
Onttrekkings		
Telefoon	2 300	
Diverse uitgawes	3 120	
Rente op lening		
Aankoop van addisionele voertuig	-	
TOTALE BETALINGS		
SUPLUS/TEKORT	131 126	
Openingsaldo	22 104	
Saldo aan die einde van die maand		

B. Dienste gelewer aan kliënte, op krediet is as volg:

September 2015	142 500
Oktober 2015	176 400
November 2015	174 800

C. Debiteure betaal gewoonlik volgens die volgende patroon:

40%	betaal hul rekening gedurende die maand van die transaksie om gebruik te maak van die 2,5% korting.
55%	betaal in die maand wat volg op die transaksie.
	Die saldo word gewoonlik afgeskryf as oninbaar na die tweede maand.

- D. Die huurinkomste sal met 9% verhoog, en brandstof en olie sal na verwagting styg met 15 sent in die Rand, vanaf 1 November 2015.
- E. 'n Vaste deposito verval op 1 November 2015. Rente op belegging word verdien teen 9% p.a.
- F. Rente op die lening teen 11% p.a. is maandeliks betaalbaar. Op 1 Oktober 2015 was die saldo op die lening R300 000.
- G. Salarisse word betaal aan die vyf drywers in diens van die onderneming. Al die drywers moet 'n 6% verhoging gedurende November 2015 ontvang.
- H. Die besigheid beplan om 'n addisionele voertuig gedurende November 2015 aan te koop. Die totale koste van die voertuig is R256 000, finansieringskoste ingesluit. 'n Deposito van 10% is betaalbaar. Die balans sal oor 60 maande betaal word. Die deposito en die eerste maandelikse paaient sal gedurende November 2015 betaal word.
- I. Kommissie-inkomste is 'n vaste persentasie van die kontantfooi-inkomste vir dienste gelewer.
- J. Die eenaar onttrek R500 kontant en neem verbruiksgoedere ter waarde van R150 vir sy persoonlike gebruik elke maand.
- K. Diverse uitgawes sal na verwagting elke maand met 2,5% styg.
- L. Alle ander items in die begroting sal na verwagting dieselfde vir die begrotingstydperk bly.

VRAAG 2: REKONSILIASIE EN INTERNE KONTROLE

(45 punte; 27 minute)

2.1 DEBITEURE

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Mafusa Handelaars.

OPDRAG:

- 2.1.1 Voorsien die ontbrekende inligting wat aangedui word deur **(a)** tot **(d)** in die Debiteurekontrole rekening hieronder. (4)
- 2.1.2 Noem die brondokumente wat as bewys dien vir die inskrywings van R32 000 en R15 000 aan die kredietkant van die Debiteurekontrole rekening. (2)
- 2.1.3 Gee EEN rede (voorbeeld) vir die volgende transaksies: (Moenie dieselfde rede vir albei transaksies gee nie.)
- Die inskrywing vir R12 500 aan die kredietkant van die kontrole rekening. (2)
 - Die inskrywing vir R4 760 aan die debietkant van die kontrole rekening. (2)
- 2.1.4 Verduidelik waarom die saldo van die Debiteurekontrole rekening in die Algemene grootboek dieselfde behoort te wees as die totaal van die Debiteurelys. (2)
- 2.1.5 Verwys na **Inligting B**.
Toon aan watter effek elke inskrywing op die Debiteurekontrole rekening en/of die Debiteurelys sal hê. Dui die verandering aan met 'n vermeerdering (+) of vermindering (-) en die bedrae in die kolom voorsien. (8)

INLIGTING:

A. **ALGEMENE GROOTBOEK VAN MAFUSA HANDELAARS
DEBITEUREKONTROLE**

2014 Mei	1	Saldo	a/b	35 000	2014 Mei	31	(c)	DAJ	32 000
	31	Verkope	(b)	80 000			Bank	(d)	15 000
		(a)	KBJ	8 000			Korting Toegestaan	KOJ	280
		Diverse debiete	AJ	4 760			Diverse krediete	AJ	12 500
							Saldo	o/b	?
Junie	1	Saldo	a/b	?					

- B
- i Die totaal van kredietverkope was met R2 400 te min opgetel.
 - ii 'n Kontantkorting van R410 toegestaan aan B. Gumede ('n debiteur), is nie in die betrokke joernaal ingeskryf nie.
 - iii Goedere ter waarde van R670 teruggestuur deur B. Gumede, is verkeerdelik na die debiteure grootboekrekening van L. Ngema oorgeboek.
 - iv Goedere verkoop aan L. Ngema vir R3 210 is aangeteken as R2 310 in die korrekte joernaal en so na die grootboekrekening oorgeboek.

2.2 BANKREKONSILIASIE

Die inligting hieronder, is geneem uit die rekords van Freedom Skryfbehoeftes vir Augustus 2015.

OPDRAG:

2.2.1 Toon aan watter inskrywings in die kontantjoernale gedoen moet word deur die tabel in die ANTWOORDEBOEK te voltooi. (13)

2.2.2 Voltooi die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Augustus 2015. (8)

2.2.3 Alle kontanttransaksies word hanteer deur Innocent Johnson. Sy is al vir die afgelope vyf jaar vir hierdie werk verantwoordelik.

Dit is duidelik dat die besigheid nie sy kontant effektief beheer nie. Verduidelik EEN probleem wat jy kon identifiseer. Voorsien relevante syfers om jou antwoord te ondersteun en gee ook 'n oplossing vir hierdie probleem. (4)

INLIGTING:

A. Items uit die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2015.

Batige saldo op die Bankstaat		6 800
Uitstaande deposito's	Gedateer 12 Julie 2015	22 000
	Gedateer 28 Julie 2015	27 500
Uitstaande tjeks	Nr. 987 (gedateer 10 Januarie 2014)	1 200
	Nr. 1239 (gedateer 28 Julie 2015)	5 400
	Nr. 1465 (gedateer 18 Augustus 2015)	13 800
Batige saldo volgens die Bankrekening		35 900

B. 'n Vergelyking van die bankstaat ontvang op 28 Augustus 2015 met die rekords van die besigheid toon die volgende:

- Bankkoste van R715 verskyn op die bankstaat maar nie in die betrokke joernaal nie.
- 'n Geweerde tjek vir R 7 600 verskyn op die bankstaat. Hierdie tjek is oorspronklik ontvang van 'n debiteur, N. Lately, as vereffening van haar rekening van R7 750.
- Rente van R320 is op die bankstaat gekrediteer. Dit is nie in die relevante joernaal aangeteken nie.
- Tjek nr. 1654 uitgereik aan Beebro Handelaars, 'n krediteur, verskyn korrek in die bankstaat as R5 780. Dit is verkeerdelik in die joernaal as R8 750 aangeteken.
- 'n Debietorder van R345 vir die maandelikse versekering verskyn twee keer in die bankstaat. Freedom Skryfbehoeftes is deur die bank ingelig dat hierdie fout in die volgende bankstaat teruggeskryf sal word.

- Van die uitstaande tjeks in die bankrekonsiliasie staat vir Julie 2015, verskyn slegs tjek nr. 1239 in die bankstaat vir Augustus 2015. Tjeknr. 987 was deur die eienaar as ledegeld vir sy tennisklub gebruik. Die klub bestaan nie meer nie.
- Die uitstaande deposito van R27 500 verskyn op die bankstaat.
- Die deposito van R22 000 vir kommissie ontvang is steeds uitstaande. Na die saak ondersoek is, het Innocent gesê sy is op pad bank toe beroof. Die eienaar het toestemming gegee dat die bedrag gekanselleer moet word, aangesien dit onwaarskynlik is dat enige van hierdie geld ooit opgespoor sal word.
- Die Augustus KOJ toon ook twee uitstaande deposito's; R18 200 op 17 Augustus 2015, R21 400 op 29 Augustus 2015.
- Die volgende tjeks in die Augustus KBJ is steeds uitstaande Nr. 1960, vir R4 280 (gedateer 27 Augustus 2015), Nr. 1996, vir R5 730 (gedateer 23 September 2015).
- Die bankstaat sluit af met 'n batige saldo van R5 055.

VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE – FINANSIËLE STATE**(75 punte; 45 minute)**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Star Handelaars, met vennote Sanjay en Sam. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2015.

OPDRAG:

3.1 Voltooi die volgende notas tot die Finansiële State:

3.1.1 Vaste bates (Slegs Voertuie en Toerusting). (20)

3.1.2 Privaatrekeninge van vennote. (25)

3.1.3 Handels- en ander bedrae ontvangbaar. (6)

3.1.4 Handels- en ander bedrae betaalbaar. (4)

3.2 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 28 Februarie 2015. Waar notas nie gevra word nie, moet alle bewerkings getoon word. (20)

INLIGTING:

A. Lys van saldo's op 28 Februarie 2015 (onder andere):

Kapitaal: Sanjay	850 000
Kapitaal: Sam	550 000
Privaatrekening: Sanjay (1 Maart 2014)	23 000
Privaatrekening: Sam (1 Maart 2014)	7 500 (Dt)
Onttrekkings: Sanjay	45 250
Onttrekkings: Sam	56 250
Grond en Geboue	1 103 550
Voertuie	700 000
Toerusting	430 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1/3/2014)	280 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1/3/2014)	193 500
Vaste deposito: BASSA Bank (8%p.a)	85 000
Handelsvoorraad	248 910
Debiteurekontrole	127 300
Krediteurekontrole	77 360
Bank (batige saldo)	95 635
Wisselgeld	1 200
Lening: Unity Bank (9,5% p.a.)	320 000

- B. Die vennootskapsooreenkoms maak voorsiening vir die volgende:
- Beide vennote is geregtig op 'n salaristoelaag. Sam se salaris is R1 000 per maand meer as Sanjay se salaristoelaag. Sanjay se salaristoelaag vir die finansiële jaar was R118 750.
 - Beide vennote ontvang rente op hul kapitaal saldo teen 12% p.a. Neem in ag dat Sanjay sy kapitaal met R50 000 op 1 Desember 2014 verminder het.
 - Daar is ooreengekom dat Sam 'n prestasiebonus van R15 000 sal ontvang vir die ekstra ure spandeer om die reklameveldtog te finaliseer.
 - Oorblywende winste (of verliese) word verdeel in die verhouding 3 : 2 tussen Sanjay en Sam.
- C. Die netto wins (nadat al die aansuiwerings in ag geneem is) is R462 000.
- D. Die totale primêre verdeling vir die finansiële jaar is R437 000.
- E. Die volgende aansuiwerings is in ag geneem in die berekening van die netto wins van R462 000:
- Ongebruikte verbruiksgoedere, R3 290.
 - Die besigheid maak voorsiening vir oninbare skuld gelyk aan 5% van die debiteurekontrole rekening.
 - 'n Versekeringspolis vir R4 260 is op 1 Mei 2014 aangegaan. Die jaarlikse premie is ten volle betaal.
 - Die telefoonrekening vir Februarie 2015, R1 840 is eers op 5 Maart 2015 betaal.
 - Die huur vir Maart 2015 is ontvang en gedeponeer. Die huur bedrag van R69 600 is afgesluit en na die Wins en Verliesrekening oorgedra.
 - Kommissie-fooie, R3 225 was steeds ontvangbaar op 28 Februarie 2015.
 - Waardevermindering op voertuie is bereken teen 20% p.a. op dra waarde en op toerusting teen 15% p.a. op kosprys. 'n Nuwe voertuig, kosprys R145 000, is op 1 Junie 2014 aangekoop.
 - Die wins op verkoop van 'n ou lessenaar op 31 Desember 2014, R320. Die kosprys van die lessenaar was R5 400 en dit is vir R1 750 kontant verkoop.
- F. R25 000 van die Vaste Deposito verval op 30 Julie 2016.
- G. Rente op lening word gekapitaliseer. 'n Vaste maandelikse paaielement van R8 600, wat rente insluit, is betaal vanaf die datum wat die lening ontvang is. Hierdie paaielement sal dieselfde vir die volgende finansiële jaar bly.

VRAAG 4: VENNOOTSKAPPE – INTERPRETASIE**(35 punte; 21 minute)**

Golden Handelaars is 'n vennootskap wat besit word deur vennote N. Yong en G. Sung. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2015.

OPDRAG:

4.1 Bereken die volgende:

4.1.1 Die totale bedryfslaste. (4)

4.1.2 Persentasie opbrengs verdien deur N. Yong. (5)

4.1.3 Skuld/ekwiteitsverhouding. (4)

4.1.4 Vuurproefverhouding (4)

4.2 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die besigheid. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan in jou antwoord. (6)

4.3 Dink jy N. Yong is tevrede met sy opbrengs op belegging? Verduidelik. Haal TWEE relevante finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou antwoord te ondersteun. (6)

4.4 Die vennote wil die bestaande besigheid uitbrei en oorweeg dit om die lening te verhoog. Watter advies het jy vir hulle? Ondersteun jou antwoord deur na TWEE finansiële aanwysers (met syfers) te verwys. (6)

INLIGTING:

A. **ALGEMENE GROOTBOEK VAN GOLDEN HANDELAARS
VERDELINGSREKENING**

2015 Feb	28	Salaris: Yong		150 000	2015 Feb	28	Wins en Verlies		446 400
		Salaris: Sung		182 400					
		Rente op Kapitaal: Yong		42 000					
		Rente op Kapitaal: Sung		28 000					
		Bonus: Sung		12 000					
		Privaatrekening: Yong		19 200					
		Privaatrekening: Sung		12 800					

B. Saldo's en ander inligting:

	28 FEBRUARIE 2015	28 FEBRUARIE 2014
Kapitaal: Yong	525 000	400 000
Kapitaal: Sung	350 000	400 000
Privaatrekening: Yong	9 100 (Dt)	15 400
Privaatrekening: Sung	10 600	12 200
Lening: Mia Bank (11% p.a.)	400 000	400 000
Handelsdebiteure	273 200	142 000
Kontant en kontantekwivalente	36 800	36 600
Handelsvoorraad	177 000	50 000
Bedryfslaste	?	127 000
Bedryfsverhouding	2,5 : 1	1,8 : 1
Vuurproefverhouding	?	1,2 : 1
Skuld/ekwiteitsverhouding	?	0,5 : 1
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	43%	37%
Opbrengs verdien deur Yong	?	48%
Opbrengs verdien deur Sung	61%	57%

VRAAG 5: KOSTEBEREKENINGE – VERVAARDIGING (50 punte; 30 minute)

5.1 Jy word voorsien van inligting geneem uit die boeke van Fluzzie Skoonmakers vir die finansiële jaar wat eindig op 28 Februarie 2015. Die besigheid vervaardig en verkoop slegs een tipe besem.

OPDRAG:

5.1.1 Bereken:

- Direkte grondstofkoste (6)
- Direkte arbeidskoste (6)
- Fabrieksbo-koste (15)

5.1.2 Boek oor na die Goedere-in-bewerking-rekening in die Algemene grootboek.
Toon alle bewerkings in hakies. (10)

INLIGTING:

A. Vorraadsaldo's:	28 Februarie 2015	1 Maart 2014
Grondstofvoorraad	33 650	27 500
Goedere-in-bewerkingvoorraad	19 950	17 600
Fabriek indirekte grondstofvoorraad	2 170	3 330

B. **Transaksies vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015:**

Grondstowwe aangekoop (kontant en krediet)	826 500	
Beskadigde grondstowwe aan verskaffers teruggestuur	5 200	
Vraggeld op aankope van grondstowwe	7 840	
Salarisse: Fabrieksvoorman	62 500	
Kantoorwerkers	32 200	
Lone: Produksielone (verwys na inligting C)	?	
Kantoorwerkers	7 900	
WVF bydraes	Fabriekswerkers in produksieproses	?
1% van basiese salarisse of lone	Fabrieksvoorman	625
	Kantoorwerkers	322
Fabriek indirekte grondstof aangekoop	85 180	
Advertensies	7 500	
Fabrieksonderhoud	24 285	
Huuruitgawe	108 000	
Oninbare skuld	9 200	
Besems gesteel	3 720	
Water en elektrisiteit	67 100	
Waardevermindering op fabrieksaanleg	16 660	
Diverse uitgawes	45 700	

C. **Fabriekswerkers in die produksieproses:**

Aantal werkers in produksie	6 werkers
Gewone ure gewerk deur elk van die bogenoemde fabriekswerkers	1 680 ure
Oortyd ure gewerk deur elk van die bogenoemde werkers	240 ure
Tarief vir gewone tyd	R75 per uur
Tarief vir oortyd	R120 per uur

D. **Huur word volgens die ruimte wat elke departement gebruik, toegeedel. Vloerruimte gebruik deur elke departement:**

	Fabriek	Verkope	Kantore
Vierkante meter	2 100 m ²	1 100 m ²	800 m ²

E. **Water en Elektrisiteit:**

10% van hierdie bedrag word toegeedel aan die kantore en 25% aan die verkoopsdepartement. Die res word aan die fabriek toegeedel

F. Diverse uitgawes moet tussen die fabriek en die verkoopsdepartement verdeel word in die verhouding 3 : 1.

5.2 **TRENDY VERVAARDIGERS**

Trendy Vervaardigers is 'n klein besigheid wat plastiekpette vervaardig wat by plaaslike krieketwedstryde gebruik word as deel van 'n advertensie veldtog.

OPDRAG:

- 5.2.1 Gee EEN voorbeeld van 'n vaste koste en EEN voorbeeld van 'n veranderlike koste. (2)
- 5.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir Trendy Vervaardigers vir die jaar geëindig 30 Junie 2015. (6)
- 5.2.3 Lewer kommentaar op jou berekeninge in VRAAG 5.2.2. Watter advies het jy vir Trendy Vervaardigers? Haal syfers aan om jou advies te steun. (5)

INLIGTING:

Inligting vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2015

A.	Aantal pette vervaardig en verkoop	23 500 eenhede
	Verkope vir die jaar	R1 057 500
	Totale vaste koste	R291 200
	Totale veranderlike koste	R752 000

- B. Die besigheid het nie 'n saldo vir goedere in bewerking wat oorgedra moet word na die volgende jaar nie.

VRAAG 6: NIE-WINSGEGEWENDE ORGANISASIES EN VOORRAADSTELSELS

(40 punte; 24 minute)

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Striding atletiekklub.
Die klub sluit elke jaar sy boeke af op 31 Desember.

OPDRAG:

- 6.1 Stel die LEDEGELD rekening op 31 Desember 2014 op. (21)
- 6.2 Bereken die wins gemaak uit die verkoop van verversings. Jy mag grootboek rekeninge opstel om jou berekening te toon. (9)
- 6.3 Die voorsitter is nie tevrede met die gebruik van die periodieke voorraadstelsel om beheer uit te oefen oor die voorraad verversings nie, en wil na die deurlopende voorraadstelsel verander.
- Verduidelik die verskil tussen die twee stelsels. (4)
 - Verduidelik aan die voorsitter waarom jy dink die periodieke stelsel is geskik vir die klub. (2)
 - Gee EEN voordeel en EEN nadeel van elkeen van die voorraadstelsels. (4)

INLIGTING:

A. Inligting uit die na-afsluitingsproefbalans op 31 Desember 2013.

Diverse krediteure	21 110
Verversings voorhande	11 420
Vooruitontvange inkomste (ledegeld)	1 080
Opgelope inkomste (ledegeld)	2 700

B. Inligting uit die ontledingskasboek vir die jaar geëindig 31 Desember 2014.

Ledegeld ontvang	28 620
Verversings verkoop	78 360
Verversings aangekoop	45 200
Ledegeld terugbetaal	180

C. Inligting oor lidmaatskap:

- Ledegeld is R180 per lid per jaar. Intreegeld is R300.
- Die ledegeld van lede wat gedurende die jaar aansluit, word bereken op 'n pro-rata basis (vir die aantal maande wat hulle by die klub lid was).
- Nuwe lede moet alle gelde verskuldig, betaal in die jaar wat hulle aansluit.
- Op 1 Januarie 2014 het die klub 125 lede gehad.
- Gedurende Maart 2014 het 22 nuwe lede en in November 2014 nog 8 nuwe lede aangesluit. Hierdie lede het alle verskuldigde gelde betaal.

- Ingesluit by die totale bedrag ontvang vir ledegeld, is die intreegeld vir die 8 nuwe lede. Dit moet reggestel word.
- Gedurende die jaar is 12 van die lede wie se ledegeld vir 2013 agterstallig was, ontvang. Die komitee het besluit om die lede wat steeds uitstaande is met 2013 se ledegeld, as oninbaar af te skryf vanaf 1 Januarie 2014.
- Een lid wat sy ledegeld vir 2014 betaal het, het na Pretoria in Mei 2014 verhuis. Daar is besluit om sy ledegeld ten volle terug te betaal en hom van die register te verwyder.
- Die sekretaresse het besluit dat deel van haar honorarium van R250 as haar ledegeld aangewend moet word.
- Op 31 Desember 2014 het 8 lede reeds hul ledegeld vir 2015 betaal. Sommige lede was steeds uitstaande met hul ledegeld vir 2014.

D. Verversings:

- Verversings aangekoop op krediet, R17 400.
- Verversings met 'n waarde van R2 850 is by 'n atletiekbyeenkoms gebruik.
- 'n Lid het R1 500 se verversings aan die klub geskenk.
- Verversings voorhande op 31 Desember 2014 was R9 980.

40

TOTAAL: 300

Naam:

**NASIONALE
SENIOR CERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2015

**REKENINGKUNDE
ANTWOORDEBOEK**

VRAAG	MAKSIMUM PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREER DE PUNT
1	55		
2	45		
3	75		
4	35		
5	50		
6	40		
	300		



Hierdie antwoordeboek bestaan uit 14 bladsye.

VRAAG 1: KONTANTBEGROTING EN GEPROJekteERDE INKOMSTESTAAT

1.1

No.	Bedrag in die Kontantbegroting vir Junie 2015		Bedrag in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Junie 2015	
	ONTVANGSTE	BETALING	INKOMSTE	UITGAWE
Voorbeeld		<i>R2 130</i>		<i>R2 130</i>
1.1.1				
1.1.2				
1.1.3				
1.1.4				

10

1.2.1 DEBTEURE INVORDERINGSKEDULE

MAANDE	KREDIET VERKOPE		OKTOBER	NOVEMBER
September	142 500			
Oktober	176 400			
November	174 800			

10

1.2.2

	KOMMENTAAR	ADVIES
Onderhoud van voertuie		
Invordering van debiteure		
Telefoon		

6

1.2.3 RCN VERVOER

KONTANTBEGROTING VIR OKTOBER 2015 TOT NOVEMBER 2015

	Oktober 2015	November 2015
KONTANTONTVANGSTES		
Invorderings van debiteure		
Fooi-inkomste vir dienste gelewer	62 000	65 400
Huurinkomste	8 200	
Kommissie-inkomste	4 650	
Vaste deposito	-	10 000
Rente op vaste deposito	375	
TOTALE ONTVANGSTES		
KONTANTBETALINGS		
Brandstof en olie	32 600	
Onderhoud van voertuie	24 500	
Salarisse	25 500	
Onttrekkings		
Telefoon	2 300	
Diverse uitgawes	3 120	
Rente op lening		
Aankoop van addisionele voertuig	-	
TOTALE BETALINGS		
SUPLUS/TEKORT	131 126	
Openingsaldo	22 104	
Saldo aan die einde van die maand		

29

VRAAG 1

55

VRAAG 2: REKONSILIASIE EN INTERNE KONTROLE

2.1 2.1.1

(a)	
(b)	
(c)	
(d)	

4

2.1.2

Noem die brondokumente wat as bewys dien vir die inskrywings van R32 000 en R15 000 aan die kredietkant van die Debiteurekontrole rekening.

R32 000	
R15 000	

2

2.1.3

- Gee EEN rede (voorbeeld) vir die inskrywing vir R12 500 aan die kredietkant van die kontrolerekening.

2

- Gee EEN rede (voorbeeld) vir die inskrywing vir R4 760 aan die debietkant van die kontrolerekening.

2

2.1.4

Verduidelik waarom die saldo van die Debiteurekontrole-rekening in die Algemene grootboek dieselfde behoort as die totaal van die Debiteurelys te wees.

2

2.1.5

Verwys na Inligting B. Toon aan watter effek elke inskrywing op die Debiteurekontrole rekening en/of die Debiteurelys sal hê. Dui die verandering aan met 'n vermeerdering (+) of vermindering (-) en die bedrae in die kolomme voorsien.

No.	DEBITEUREKONTROLE	DEBITEURE LYS
i		
ii		
iii		
iv		

8

2.2 2.2.1 Toon die inskrywings wat in die kontantjoernale gemaak moet word.

INSKRYWINGS IN KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL (BANKREKENING DEBIETE)		INSKRYWINGS IN KONTANTBETALINGSJOERNAAL (BANKREKENING KREDIETE)	
BESONDERHEDE VAN DIVERSE REKENINGE	BEDRAG	BESONDERHEDE VAN DIVERSE REKENINGE	BEDRAG

13

2.2.2 Bankrekonsiliasiestaat op 31 Augustus 2015.

BESONDERHEDE	DEBIETE	KREDIETE
Kredietsaldo volgens Bankstaat		5 055

8

2.2.3 Dit is duidelik dat die besigheid nie sy kontant effektief beheer nie. Verduidelik EEN probleem wat jy kon identifiseer. Voorsien relevante syfers om jou antwoord te ondersteun en gee ook 'n oplossing vir hierdie probleem.

PROBLEEM	OPLOSSING

4

VRAAG 2	45	
---------	----	--

VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE – FINANSIËLE STATE
3.1 3.1.1 VASTE (TASBARE) BATES

	VOERTUIE	TOERUSTING
Opgehoopte waardevermindering (1 Maart 2014)	(280 000)	(193 500)
DRAWAARDE (1 Maart 2014)		
Bewegings:		
DRAWAARDE (28 Februarie 2015)		

20

3.1.2 NOTA VIR PRIVAATREKENINGE

	SANJAY	SAM	TOTAAL
Salarisse			
Rente op kapitaal			
Bonus			

25

3.2 **STAR HANDELAARS**
BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2015

BATES	
NIE-BEDRYFSBATES	
Tasbare bates (1 103 550 +	
BEDRYFSBATES	
TOTALE BATES	
EKWITEITE EN LASTE	
EIENAARSBELANG	
NIE-BEDRYFSLASTE	
BEDRYFSLASTE	
TOTALE EKWITEITE EN LASTE	

20

VRAAG 3	75	
----------------	-----------	--

VRAAG 4: VENNOOTSKAPPE – INTERPRETASIE

4.1 Bereken:

4.1.1 **Totale bedryfslaste.**

--

4

4.1.2 **Persentasie opbrengs verdien deur N. Yong.**

--

5

4.1.3 **Skuld/ekwiteitsverhouding.**

--

4

4.1.4 **Vuurproefverhouding.**

--

4

- 4.2 **Lewer kommentaar oor die likiditeit van die besigheid
Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan in jou antwoord.**

6

- 4.3 **Dink jy N. Yong is tevrede met sy opbrengs op belegging? Verduidelik.
Haal TWEE relevante finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou
antwoord te ondersteun.**

6

- 4.4 **Die vennote wil die bestaande besigheid uitbrei en oorweeg dit om die
lening te verhoog. Watter advies het jy vir hulle? Ondersteun jou
antwoord deur te verwys na TWEE finansiële aanwysers (met syfers).**

6

VRAAG 4	35	
----------------	-----------	--

VRAAG 5: KOSTEBEREKENINGE – VERVAARDIGING

5.1.1 Bereken:

<ul style="list-style-type: none">• Direkte grondstofkoste	<table border="1"><tr><td> </td></tr><tr><td>6</td></tr></table>		6																				
6																							
<ul style="list-style-type: none">• Direkte arbeidskoste	<table border="1"><tr><td> </td></tr><tr><td>6</td></tr></table>		6																				
6																							
<ul style="list-style-type: none">• Fabrieksbokoste <table border="1"><tr><td> </td><td> </td></tr><tr><td> </td><td> </td></tr><tr><td> </td><td> </td></tr><tr><td> </td><td> </td></tr><tr><td> </td><td> </td></tr><tr><td> </td><td> </td></tr><tr><td> </td><td> </td></tr><tr><td> </td><td> </td></tr><tr><td> </td><td> </td></tr><tr><td> </td><td> </td></tr></table>																					<table border="1"><tr><td> </td></tr><tr><td>15</td></tr></table>		15
15																							

5.1.2

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN FLUZZIE SKOONMAKERS
GOEDERE IN BEWERKINGREKENING (B7)**

10

5.2 TRENDY VERVAARDIGERS

5.2.1 Gee EEN voorbeeld van 'n vaste koste en EEN voorbeeld van 'n veranderlike koste.

VASTE KOSTE:

VERANDERLIKE KOSTE:

2

5.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir Trendy Vervaardigers vir die jaar geëindig 30 Junie 2015.

6

